**7 JUNIE** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 45**

**FOKUSGEDEELTE: PSALM 45:3**

## ‘n Huwelikslied

Hierdie psalm is ‘n huwelikslied, opgedra aan ‘n onbekende koning en sy bruid uit Tirus. Die psalmdigter lê klem op die skoonheid, die krygsvernuf en die regeringsvermoë van die koning, asook die heerlikheid van sy bruid. Die koning maak in sy kommunikasiehandelinge gebruik van vriendelike woorde wat vir die digter aangenaam is. As die lieflike woorde van die koning besing word, dan word God se seën ook hierin raakgesien. Die koning, wat selfs as ‘n verhewe wese beskryf word in vers 6, het ‘n intieme verhouding met God; daarom ontvang hy soveel seëninge.

Die grootste seëning van God, die Messias-Koning, gebruik ook aangename woorde as Hy met mense kommunikeer. Lukas 4:22 sê dat almal verwonderd was oor die aangename woorde wat uit die mond van Jesus gekom het. Hy het met gesag gepraat. Hy stel verslae harte gerus en Hy beur die verslae gees weer op. Hy waarsku met tere erns teen die goddelose en nooi die afgedwaaldes om weer terug te keer na ‘n lewe van vrede en blydskap.

Hierteenoor gebruik die sondige mens sy woorde verkeerd. Opbouende en vertroostende woorde kom swaar op sy lippe. Om die skoonheid van ander se dade en lewens te besing, is nie in die mens se aard nie.

Daarom, bid dat die Here in sy groot genade u ook sal seën en u lippe sal aanraak, sodat daar oor u lippe slegs lieflike woorde sal vloei – woorde as ‘n loflied tot eer van God en tot seën vir u medemens.

*Sing: Psalm 98:1* *Dr Frans Minnie (Pastorale berader, Cachet)*